

VANAF	BESKRYWING	KOMMENTAAR																																																																																
Voorsitter: Agri Malmesbury (volledige skrywe aangeheg)	Ons is dankbaar vir die 76% afslag wat u gegee het vir 2014/15 en 2015/16 finansiële jare - pleks van die 75% die voorafgaande jare. Ons is verder dankbaar dat u met die oog op die 2016/17 finansiële jaar 'n verdere afslag van 2% beskikbaar maak, m.a.w. van die huidige 76% na die voorgestelde 78%, veral weens die droogte toestand.	Kennis geneem																																																																																
	Die toename in landbou-eiendom waardasies is baie meer as die verhoogde afslag van 'n verdere 2% - gemiddelde styging van 20,6%.	<p>Dit is inderdaad so dat die toename in Landbou waardasies uitgedruk as 'n gemiddeld met 56% toegeneem het. Volledigheidshalwe word die toename van die ander areas/gebiede ook hierby aangetoon.</p> <table border="1" data-bbox="1034 539 2051 1200"> <thead> <tr> <th>DORP</th> <th>ROLWAARDE NA BESWAAR 2015</th> <th>ROLWAARDE 2011</th> <th>% DIFF</th> </tr> </thead> <tbody> <tr><td>CHATSWORTH</td><td>R 165 585 500.00</td><td>R 62 354 000.00</td><td>166</td></tr> <tr><td>DARLING</td><td>R 1 127 648 000.00</td><td>R 937 835 500.00</td><td>20</td></tr> <tr><td>GROTTO BAY</td><td>R 405 296 500.00</td><td>R 395 828 000.00</td><td>2</td></tr> <tr><td>JAKKALSFONTEIN</td><td>R 421 141 500.00</td><td>R 411 555 000.00</td><td>2</td></tr> <tr><td>KALBASKRAAL</td><td>R 132 203 500.00</td><td>R 90 797 500.00</td><td>46</td></tr> <tr><td>KORINGBERG</td><td>R 113 684 500.00</td><td>R 122 158 000.00</td><td>-7</td></tr> <tr><td>MALMESBURY</td><td>R 5 083 048 500.00</td><td>R 3 342 245 000.00</td><td>52</td></tr> <tr><td>MOORREESBURG</td><td>R 1 407 439 000.00</td><td>R 1 090 153 000.00</td><td>29</td></tr> <tr><td>RIEBECK KASTEEL</td><td>R 970 836 500.00</td><td>R 857 948 500.00</td><td>13</td></tr> <tr><td>RIEBECK WEST</td><td>R 594 056 000.00</td><td>R 580 797 500.00</td><td>2</td></tr> <tr><td>WESBANK</td><td>R 1 082 626 000.00</td><td>R 753 433 500.00</td><td>44</td></tr> <tr><td>ILINGE LETHU</td><td>R 97 732 500.00</td><td>R 50 738 500.00</td><td>93</td></tr> <tr><td>ABBOTSDALE</td><td>R 195 051 500.00</td><td>R 124 543 000.00</td><td>57</td></tr> <tr><td>ONGEGUND</td><td>R 93 942 500.00</td><td>R 81 023 000.00</td><td>16</td></tr> <tr><td>GREATER CHATSWORTH</td><td>R 27 772 500.00</td><td>R 20 428 500.00</td><td>36</td></tr> <tr><td>YZERFONTEIN</td><td>R 3 184 159 000.00</td><td>R 2 642 324 000.00</td><td>21</td></tr> <tr><td>LANDELIK</td><td>R 10 743 371 500.00</td><td>R 6 879 512 767.00</td><td>56</td></tr> <tr><td>DEELTITELS</td><td>R 253 798 000.00</td><td>R 275 414 000.00</td><td>-8</td></tr> <tr><td>TOTAAL</td><td>R 26 099 393 000.00</td><td>R 18 719 089 267.00</td><td>39</td></tr> </tbody> </table>	DORP	ROLWAARDE NA BESWAAR 2015	ROLWAARDE 2011	% DIFF	CHATSWORTH	R 165 585 500.00	R 62 354 000.00	166	DARLING	R 1 127 648 000.00	R 937 835 500.00	20	GROTTO BAY	R 405 296 500.00	R 395 828 000.00	2	JAKKALSFONTEIN	R 421 141 500.00	R 411 555 000.00	2	KALBASKRAAL	R 132 203 500.00	R 90 797 500.00	46	KORINGBERG	R 113 684 500.00	R 122 158 000.00	-7	MALMESBURY	R 5 083 048 500.00	R 3 342 245 000.00	52	MOORREESBURG	R 1 407 439 000.00	R 1 090 153 000.00	29	RIEBECK KASTEEL	R 970 836 500.00	R 857 948 500.00	13	RIEBECK WEST	R 594 056 000.00	R 580 797 500.00	2	WESBANK	R 1 082 626 000.00	R 753 433 500.00	44	ILINGE LETHU	R 97 732 500.00	R 50 738 500.00	93	ABBOTSDALE	R 195 051 500.00	R 124 543 000.00	57	ONGEGUND	R 93 942 500.00	R 81 023 000.00	16	GREATER CHATSWORTH	R 27 772 500.00	R 20 428 500.00	36	YZERFONTEIN	R 3 184 159 000.00	R 2 642 324 000.00	21	LANDELIK	R 10 743 371 500.00	R 6 879 512 767.00	56	DEELTITELS	R 253 798 000.00	R 275 414 000.00	-8	TOTAAL	R 26 099 393 000.00	R 18 719 089 267.00	39
DORP	ROLWAARDE NA BESWAAR 2015	ROLWAARDE 2011	% DIFF																																																																															
CHATSWORTH	R 165 585 500.00	R 62 354 000.00	166																																																																															
DARLING	R 1 127 648 000.00	R 937 835 500.00	20																																																																															
GROTTO BAY	R 405 296 500.00	R 395 828 000.00	2																																																																															
JAKKALSFONTEIN	R 421 141 500.00	R 411 555 000.00	2																																																																															
KALBASKRAAL	R 132 203 500.00	R 90 797 500.00	46																																																																															
KORINGBERG	R 113 684 500.00	R 122 158 000.00	-7																																																																															
MALMESBURY	R 5 083 048 500.00	R 3 342 245 000.00	52																																																																															
MOORREESBURG	R 1 407 439 000.00	R 1 090 153 000.00	29																																																																															
RIEBECK KASTEEL	R 970 836 500.00	R 857 948 500.00	13																																																																															
RIEBECK WEST	R 594 056 000.00	R 580 797 500.00	2																																																																															
WESBANK	R 1 082 626 000.00	R 753 433 500.00	44																																																																															
ILINGE LETHU	R 97 732 500.00	R 50 738 500.00	93																																																																															
ABBOTSDALE	R 195 051 500.00	R 124 543 000.00	57																																																																															
ONGEGUND	R 93 942 500.00	R 81 023 000.00	16																																																																															
GREATER CHATSWORTH	R 27 772 500.00	R 20 428 500.00	36																																																																															
YZERFONTEIN	R 3 184 159 000.00	R 2 642 324 000.00	21																																																																															
LANDELIK	R 10 743 371 500.00	R 6 879 512 767.00	56																																																																															
DEELTITELS	R 253 798 000.00	R 275 414 000.00	-8																																																																															
TOTAAL	R 26 099 393 000.00	R 18 719 089 267.00	39																																																																															
	Effek van droogte gaan die Swartland landbougemeenskap nou eers tref. Landbou dra 15% by tot "GDP" van die Swartland – versoek om nie die "gans wat die goue eiers lê, se nek om te draai nie". Die Swartland ekonomie steun sterk op die landbou en landbouverwante bedrywe – as dit dus swaar	Neem kennis en stem saam met stelling.																																																																																

	gaan met die landbou het dit 'n direkte impak op die streek se ekonomie en uiteraard ook op SM .	
	<p>Versoek dat 'n meganisme in plek gestel word om te verseker dat die landbouers se eiendomsbelasting – uitgedruk as 'n gemiddeld – ook teen 6% moet styg en nie teen 20,6% nie.</p> <p>Versoek dat vir die komende finansiële jaar die afslag van 78% verder moet verhoog na 81%, ten einde die verhoging in lyn te bring met die gemiddelde styging van die residensiële eiendomme, wat 6% beloop. (ook in ag genome dat die huidige droogte toestand nie so 'n groot effek op die nie-landbouers het nie).</p>	<p>Indien die afslag aan die Landbouers met 'n verdere 3%, - vanaf 78% na 81% - verhoog word, weens die huidige droogte toestand, sal dit 'n verlies aan inkomste van ongeveer R2,3 mil beloop.</p> <p>Indien die droogte die motivering is en die Raad oorweeg die versoek, hetsy ten volle of gedeeltelik sal die vergunning eenmalig moet wees gebaseer op die droogte en sal die balans van die impak van die nuwe eiendomswaardasies oor 'n tydperk infasseer moet word, maar moet daar nog huiswerk gedoen word hoe dit moontlik is binne die wetgewende raamwerk. Die verdere 3 % verteenwoordig ongeveer R2,3 mil, terwyl 'n 2% afslag ongeveer R1,2 mil verteenwoordig.</p> <p>Daar word voorgestel om 'n verdere 2% afslag aan die landbouers toe te staan, weens die feit dat die Weskus as 'n droogtegeteisterde rampgebied verklaar is. Daar sal in September 2016 weer met die landbouers in gesprek getree word.</p>
	Versoek dat SM deur oophou om te onderhandel aangaande die daaropvolgende jare, aangesien die impak van die droogte nog nie bepaal kan word nie.	As die Raad die droogte as substansie gebruik sal daar besin moet word aangaande die beginsel – gebaseer op die meet van reënval wanneer die droogte gebreek is.
Grottobaai Huiseienaarsvereniging (Karien Collins-Odendal) (volledige skrywe aangeheg)	<p>Kennisgewing ontvang dat alle nuwe huise in Grottobaai voortaan met 'n septiese/opgaartenk toegerus moet word. Dit beteken dat alle nuwe inwoners reëlings sal moet tref vir die uitsuig van riooltenk – tarief ontvang vanaf SM is R1 480/pomping</p> <p>Aanliggende gebiede en dorpe se tarief is R210/maand vir 2 pompings en 'n tarief van R201,00 vir addisionele pomping in dieselfde maand.</p> <p>Versoek dat die prysstruktuur hersien word.</p> <p>Versoek dat indien enige reëlings getref kan word om in te pas by SM skedule wat mag lei tot koste besparings, Grottobaai HIV oop is vir gesprekvoering.</p>	<p>Die konteks waarbinne die voorwaardes vir die bou van nuwe huise in Grotto, Jakkalsfontein en Tygerfontein gestel word, is die standpunt van Waterwese dat 'n uitsuigtenkstelsel 'n beter beheerbare stelsel is. Hierdie standpunt het ten doel om die risiko van besoedeling van waterbronne te beperk. Voormelde is gebaseer op Staatskoerant voorskrifte – 207 van 9 Februarie 1990, sowel as die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998). Gebaseer op voormelde en opdragte van Waterwese sedert 2002 word SM versoek om die voorwaardes af te dwing.</p> <p>Ten spyte van voormelde voorskrifte is SM van mening dat daar eers bepaal moet word wat die hoeveelheid ontwikkelingsgeleenthede is, wat nog beskikbaar is. Gebaseer op die bepaling van die geleenthede moet die risiko van enige grondwater besoedeling vasgestel word. Alvorens die voorskrifte van die Departement van Waterwese op bouplanstadium afgedwing word sal SM eers met die onderskeie Huiseienaarsverenigings in gesprek tree.</p> <p>Die voorgestelde tarief vir rioolpomping – indien benodig – word egter behou ten einde seker te maak dat daar wel 'n tarief is.</p>
Willem Badenhorst (volledige skrywe aangeheg)	Versoek hersiening van die wyse waarop korting aan persone ouer as 65 jaar toegestaan word as 'n % van die tarief.	Dat vir die 2016/2017 finansiële jaar voorgestel word dat 'n korting van R300 000 op eiendomsbelasting vir persone ouer as 65 jaar toegestaan word.
	Dit is onbillik om belasting teen % te hef en dan korting toe te staan teen 'n vaste bedrag van bv. R200 000 vir alle belastingbetalers bo 65 jaar.	Belasting word gehef as die R0.005449 in die rand tarief wat met die munispale waarde van die eiendom vermenigvuldig word en is die korting van R 300 000.00 van toepassing op alle persone bo 65 jaar, ingevolge klousule 8 van die beleid.

	<p>'n Waardasie van 'n eiendom en die inkomste van die belastingbetaler het geen verband nie – onregverdig teenoor die belastingbetaler wat duur eiendom besit.</p> <p>Bv. waardasie = R3 miljoen en korting = 10%; waardasie = R900 000 en korting = 30%. Lg kry baie groter voordeel en dit is nie noodwendig dat eg. se inkomste groter is nie.</p>	<p>Aandag sal hieraan gegee word in die hersiening van die beleid in 2017 om te kyk na moontlike oplossings, indien enige.</p>
	<p>In die huidige situasie betaal elke pensionaris gevolglik 'n ander tarief.</p>	<p>Die korting is nie 'n tarief nie en word ingevolge bevoegdheid van die munisipale raad toegestaan.</p>
<p>Yzerfontein Inwonersvereniging (volledige skrywe aangeheg)</p>	<p>1. FORMAAT VAN BEGROTING Bedank SM vir gebruikersvriendelike formaat, sowel as UBM se <i>Powerpoint</i>-aanbeiding wat dit maklik verstaanbaar maak vir almal.</p>	<p>Kennis geneem</p>
	<p>Teleurstellend dat koste van verkope en depresiasie steeds nie bygewerk is nie in die tabelle wat weereens slegs netto surplus of tekorte van dienste weergee. Reeds in brief van 12 Augustus 2013 aangetoon dat hierdie syfers wel verskaf kan word.</p> <p>Die insluiting van koste van verkope ten opsigte van elektrisiteit en water by bedryfsuitgawes, soos vereis deur nasionale tesourie skep 'n wanvoorstelling vir belastingbetalers wanneer spesifieke uitgawes as persentasie van totale bedryfsuitgawes bereken word.</p>	<p>Die tabel wat na verwys word is die A-Skedule wat Nasionale Tesourie se formaat is. Daarin word die teboekstelling van die departementele koste afgetrek van die inkomste en nie ingesluit by die uitgawe nie.</p> <p>Intern word die departementele koste as 'n uitgawe te boek gestel, dus verskil die twee formate. Die formate is die wetlik afdwingbare manier hoe plaaslike owerhede begrotings moet opstel en verskil vanaf nasionale en provinsiale regering wat op die “ cash basis” van accounting is terwyl munisipaliteit op di “ accrual” basis is.</p> <p>Raadsbegrotingsdokumente kan voorsien word op versoek soos voorheen al gedoen was.</p> <p>Dit moet ook in gedagte gehou word dat die munisipaliteit 'n verantwoordelikheid het om te verseker dat dat dienste op 'n volhoubare finansiële wyse gelewer word en moet daar gepoog word om te verseker dat die bepaling van tariewe so ver moontlik koste verhalend is.</p>
	<p>Artikel 17(3)(a) van die MFMA vereis dat wanneer begroting itv artikel 16(2) vir 90 dae opgestel word, dit vergesel moet word van konsep-resolusie ter goedkeuring van die Begroting, sowel as belastings en tariewe wat SM hef – dit was nie ingesluit nie.</p>	<p>Die besluit was as volg geformuleer:</p> <p>“Besluit – (e) Dat die konsep Kapitaal- en Bedryfsbegroting ten aansien van die 2016/2017 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA in beginsel goedgekeur word, met inbegrip van –</p> <ul style="list-style-type: none"> (i) Belastings; (ii) Tariewe; (iii) Projekties van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate) (iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, naamlik: <ul style="list-style-type: none"> • Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg); • Tariefbeleid (gewysigde beleid aangeheg); • Eiendomsbelastingsbeleid (gewysigde beleid aangeheg)”.

	<p>2. EIENDOMSBELASTING</p>	
	<p><u>Residensieel vs Besighede</u> Vergelyking met Kaapstad op eiendom met markwaarde van R1,5 miljoen: Eiendomsbelasting/maand Kaapstad = 693,10 vir residensieel = 1583,38 vir besigheid SM = 674,31 vir residensieel = 851,38 vir besigheid SM minder as Kaapstad = 2,7% vir residensieel =46,23% vir besigheid</p>	<p>Kennis geneem en moet daar ook kennis geneem word dat SM nie met 'n Metro se eiendomme en of inkomste bronne vergelykbaar is nie.</p>
	<p>Sakeondernemings betaal 28% minder inkomstebelasting op munisipale belasting – kan die totale munisipale rekening as bedryfsuitgawes verreken teen belasbare inkomste. Residensiële belastingbetalers betaal eiendomsbelasting nadat hulle inkomstebelasting betaal het en dus behoort die inkomstebelasting komponent by hulle munisipale rekening gevoeg te word om 'n ewewigtige vergelyking met besighede te tref. Volgens die Vryemarkstigting is dit 38.4% vir die jaar 2015. Die werklike munisipale belasting en tariewelas vir huiseienaars is dus sowat 162.4% van u rekening itv inkomste voor inkomstebelasting wat dit op 'n vergelykbare vlak teenoor besighede plaas.</p>	<p>In die konteks van die Metro, vorm landbou 'n baie klein persentasie van belasting inkomste in vergelyking met die Metro se nywerhede en is dit nie sinvol om SM met die Metro te vergelyk nie.</p> <p>Dit sou onverantwoordelik wees om besighede se belasting wesenlik te verhoog om meer in lyn te wees met die Metro.</p> <p>Begrotings inkomste modelering geskied in die konteks van die profiele en inkomste genererende kapasiteit van die plaaslike munisipaliteit.</p>
	<p><u>Korting aan landbouers</u> Landbouers se belastingkoers is verminder tot 22% van die residensiële koers sonder dat ander belastingbetalers insette kon lewer. Artikel 19(1)(c) vereis dat SM nie onredelik mag diskrimineer tussen nie-residensiële kategorieë van eiendomme nie. Dit is te betwyfel of 'n vermindering in belastingskoers van 20.19% vir landbou teenoor 10.75% vir besighede aan genoemde artikel voldoen.</p>	<p>Een van die oogmerke van die 90-dae konsepbegroting is juis om geleentheid te gee aan enige lid van die publiek om kommentaar/insette te kan lewer, en word YIV se skrywe as sulks beskou.</p> <p>Weens die feit dat die Weskus gedurende Januarie 2016 deur die nasionale Departement van Samewerkende Regering ingevolge die Rampbestuurswet, Wet 57 van 2000 tot 'n droogtegeteisterde rampgebied verklaar is, word voorgestel dat 'n verdere eenmalige afslag van 2% aan die landbouers toegestaan word, m.a.w. 80%, welke afslag net vir die 2016/2017 finansiële jaar van toepassing is.</p>
	<p><u>Korting aan geografiese gebiede: Grottoabaai en Jakkalsfontein</u> [saamgelees met skrywe] Ten opsigte van 'n eiendoms-kategorie wat u</p>	<p>Paragraaf 4(p) in SM se konsepbeleid wat verwys na geografiese gebiede moet behou word, omdat die gebiede van Grottoabaai en Jakkalsfontein vir belastingdoeleindes nog</p>

	<p>identifiseer as eiendomme in geografiese gebiede soos deur die munisipaliteit bepaal (verwys na paragraaf 4(p) van die konsepeieendoms-belastingbeleid) gaan u die eiendomsbelastingkoers hiervoor infasseer sodat dit na sewe jaar gelykstaande aan die koers op residensiële eiendomme sal wees. Hierdie besluit word gegrond op artikels 8 en 93B van die Munisipale Eiendomsbelastingwet soos gewysig (hierna genoem die Wet). Ons neem aan dat u hierdie kategorie geskep het om spesifiek die residensiële ontwikkelings van Grottoabaai en Jakkalsfontein en soortgelyke ontwikkelings in te sluit. Wetgewing laat nie toe dat 'n munisipaliteit verskillende koerse op residensiële eiendomme mag hef nie. Verder ook is daar geen magtiging in die Wet om so 'n kategorie te skep nie. Tensy bewys kan word dat Grottoabaai en Jakkalsfontein onder 'n ander kategorie soos gedefineer deur artikel 8.(2) resorteer en die nodige goedkeuring verkry is. YIV verwys ook na hofsaak waar volle eiendomsbelasting gehef is op eiendomme wat nie volle munisipale dienste ontvang het nie.</p>	<p>sal bestaan totdat die 100% heffing op eiendomsbelasting oor 7 jaar infasseer is, met ingang van 1 Julie 2015. Hierdie infassering geskied ingevolge artikel 93B van die Wet op Eiendomsbelasting.</p> <p>SM se vorige Beleid en die Wetgewing (Wet 6 van 2004, voor wysiging in 2015) het wel toegelaat om gedifferensiëerde belasting te hef op geografiese gebiede, maar met die wysigings in 2015 (Wet 29 van 2014) is dit nie meer toelaatbaar nie, maar laat dit wel toe dat dit ingevolge die nuwe Artikel 8 (wat nou geografiese gebied uitsluit) ingefasseer word oor 7 jaar.</p> <p>Die Wysigingswet, No 29 van 2014 het al die wysigings voorgestel en bepaal artikel 35 van hierdie Wysigingswet spesifiek wat die oorgangsreëlings tov Artikel 17- Publieke Dienste Infrastruktuur en Artikel 8-Gedifferensiëerde belasting is en dat dit ingevoeg moet word in Artikel 93 in die hoofwet, Wet 6 van 2004 – vandaar Artikel 93A en 93B onderskeidelik.</p> <p>SM se interpretasie hiervan is dus dat die wysiging van Artikel 8 (verwydering van geografiese gebiede) oor 7 jaar ingefaseer moet word, met ingang van 1 Julie 2015.</p> <p>Dit is ook nie nodig om spesiale toestemming vanaf die Minister te verkry nie, aangesien Grottoabaai en Jakkalsfontein nie ingevolge Artikel 8(4) hanteer word nie. Dié gebiede word nie omskryf in Artikel 8(2) nie, maar soos reeds genoem, ingevolge Artikel 93B.</p> <p>Met verwysing na die Blair Atholl uitspraak – in die hofsaak gaan dit nie oor die infassering nie, maar oor die die verminderde betaling weens die feit dat daar nie ander dienste gelewer word nie.</p>
	<p><u>R100 000 korting op waardasies van residensiële eiendom</u> DF sou impak van korting deurgee aan YIV. So 'n korting sal hoofsaaklik minder gegoedebaat maar kan ook koste vir u bespaar siende dat dit pogings om skuld in te vorder van mense wat dit net nie kan betaal nie sal verhoed of verminder. Die Kaapstad Metro staan 'n korting van R200,000 plus die statutêre R15,000 aan alle eienaars van residensiële eiendomme toe teenoor SM wat steeds vaskleef aan slegs die statutêre R15,000.</p>	<p>SM volstaan met R15 000.</p>
	<p><u>Hersiening van eiendomsbelastingkoers</u> (1) Residensiële eiendomme teen 50% van besigheidseiendomme belas word (2) Landbou-eiendomme behoort belas te word teen die statutêre maksimum van 25% van die koers vir residensiële</p>	<p>Statutêr mag 'n belastingkoers tot 'n maksimum van 25% van die residensiële belastingkoers gehef word, maar die Raad mag ook 'n laer koers bepaal. Hierdie heffing kan wissel juis omdat die Wet die Raad magtig om gedifferensiëerde koerse te hef vir die eiendomme toegelaat in Artikel 8. Verder bestaan 'n “afslag” vir die nie-lowering van dienste nie meer nie, maar kan ander faktore, soos rampe, bv. die</p>


eiendomme.
[Sien vergelyking met Stad Kaapstad in skrywe]

Om dieselfde inkomste aan eiendomsbelasting te verhaal, moet u volgens ons berekeninge, die besighedsbelastingkoers met 19.5% verhoog en residensieël met 27.9% verminder. Gevolglik sal die landboukoers met 24.8% verminder, indien landbou 25% van residensieël betaal, teenoor die vermindering van 20.9% met u konsepkoers.

U het in die verlede u huidige opset verdedig met stellings dat besighede werk skep en dus nie met hoër belasting afgeskrik moet word nie. Hierdie stellings verdien slegs oorweging indien u oor feitlike bewyse beskik wat daarop dui dat u met die huidige opset, wat aandeelhouers van besighede uitermate bevoordeel en die las op huiseienaars plaas, 'n noemenswaardige aantal besighede na Swartland gelok het en 'n ooreenkomstige aantal werkseleenthede geskep is. Ons sal 'n afskrif van sodanige feitlike bewyse waardeer. 'n Uiters negatiewe uitwerking van kunsmatige skepping van werkseleenthede is dat dit 'n bevolkingstoestroming veroorsaak, gewoonlik veel meer as die bykomende werkseleenthede. Gevolglik moedig u in werklikheid die toestroming van mense aan wat nie vir die dienste of huisvesting, wat hulle gewoonlik aggressief eis, kan betaal nie. Dit plaas 'n steeds toenemende finansiële druk op bestaande belastingbetalers en dus 'n distribusie van armoede uitsluitlik na die huidige inwoners wie wel hulle steeds toenemende en onbekostigbare belastings en tariewe moet betaal.

heersende droogte dan juis hierdie koers bepaal.

LED Maturity Assessment:



		<p style="text-align: center;">Swartland - Performance in Key Areas</p> <p>Die uitslag van voormelde meting word onafhanklik deur mnr John Lawson gedoen en die uitslag – dat SM een van die beste drie munisipaliteite is ten aansien van "LED Maturity" bewys dat die strategieë en inisiatiewe vrugte afwerp. SM met sy skaar hulpbronne en beperkte begroting is verplig om LED anders te benader om vir beleggings te kompeteer. Ongelukkig is dit onafwendbaar dat daar met groei verstedeliking plaasvind. Die uitdaging is om hierdie groei – hetsy positief of negatief te bestuur. SM is tot 'n groot mate die slagoffers van hulle eie sukses.</p>
	<p><u>Korting aan persone ouer as 65 jaar</u> Die verhoging van die korting op waardasie vir eienaars van 65 of ouer wat u na R300,000 verhoog het, word waardeur. U staan die korting toe in terme van paragraaf 8(6)(g) van u konsep-eindomsbelastingbeleid en verwys genoemde paragraaf na eiendomme soos omskryf in paragraaf 5(1)(e). Daar is egter nie 'n paragraaf 5(1) of 'n sub-paragraaf (e) in u beleid nie. Dieselfde fout kom ook voor in u huidige beleid. Voorstel: Ons stel egter voor dat u die</p>	<p>Die konsepbeleid was reggestel en sal enige verandering in die basis van kortings toegestaan aan pensionarisse gedurende die volgende begrotings oefening ondersoek en oorweeg word.</p>

	<p>korting vervang met 'n persentasie korting op eiendomsbelasting betaalbaar. Dit sal 'n regverdige opset daar stel waarvolgens alle betrokke eienaars dieselfde ewewigtige behandeling ontvang. Overstrand byvoorbeeld, staan 'n korting van 20% toe aan eienaars wie self hulle huise bewoon.</p>	
	<p><u>Tarief op vakante erwe</u> In u antwoord op ons insette tot die huidige begroting, het u die mening uitgespreek dat volle tariewe op vakante erwe die eienaars dwing om die erwe te ontwikkel sodat u die volle potensiaal van eiendomsbelasting kan verhaal. Volgens ons insig is dit 'n uiters onregverdige benadering. Dit kom voor of u met die gewysigde wet in staat mag wees om 'n afsonderlike tarief op vakante erwe te hef waarvolgens 'n tarief op sulke erwe, na 'n redelike tydsverloop, gehef word as of daar 'n huis van 'n aanvaarbare waarde op die erf bestaan. Voorstel: Dit is duidelik dat Artikel 8.(3) van die wet 'n onderskeid tussen residensiële erwe en soortgelyke vakante erwe magtig. Ons stel dus voor dat u so 'n tarief tot u eiendomsbelastingtariewe toevoeg.</p>	<p>Artikel 8(3) magtig die Raad om vakante grond teen 'n gediffrensieerde tarief aan te slaan, maar oorweeg die Raad dit nie op die stadium nie.</p>
	<p>3. TARIIEWE 3.1 Water Begroot vir toenemende verlies, nieteenstaande die vereistes van die beleid dat dienste ten minste moet gelyk breek. Voorstel: (1) basiese tarief moet gehef word, plus tarief vir verbruik (2) toedeling van vry water moet binne 2 jaar afgeskaf word (3) beskikbaarheidsfooi slegs op vakante erwe is onbillik teenoor elektrisiteit wat 'n beskikbaarheidsheffing op almal toepas</p>	<p>Sodra die huidige 5kl gratis water uitfasseer word kan 'n basiese tarief op water oorweeg word. Die uitfassing binne 2 jaar is nie bekostigbaar vir alle huishoudings nie en was die besluit om dit met 1kl jaarliks te verminder.</p> <p>Die oorname van bates vanaf die WKDM sowel die lenings veroorsaak dat die huidige tekort oor 'n langer periode uitfasseer word wat ook meer verantwoordelik gegewe die huidige swak ekonomiese omstandighede.</p>
	<p>3.2 Riolering Die verhoging van 10% in hierdie tarief om vir die verlies op water te vergoed maak geen sin nie. Voorstel: Om Overstrand se voorbeeld te</p>	<p>Die verhoging van 10% is om te verseker dat die diens volhoubaar gelewer word en om voorsiening te maak vir grootmaat uitbreidings.</p>

	<p>volg en 'n rioleringstarief, gegrond op 'n breuk van waterverbruik in te stel, tesame met 'n basiese tarief. Dit sal veroorsaak dat gebruikers vir die diens betaal in ooreenstemming met die las wat hulle op die stelsel plaas.</p>	<p>Daar is geen verband tussen die water- en riooltarief nie.</p>												
	<p><u>Gemeenskaplike tenke:</u> YIV verneem tot watter mate die saak aangespreek is om te verseker dat sulke eienaars nie steeds 'n vry rioleringsdiens van u ontvang nie soos dit alreeds vir verskeie jare plaasvind.</p>	<p>ONDERSOEK NA HEFFING VIR RIOOLDIENSTE IN YZERFONTEIN</p> <p>Yzerfontein is gedeeltelik voorsien van 'n spoelrioolstelsel. Hierdie stelsel was aangebring met die siviele dienste vir die meer onlangse fases van die Katz ontwikkeling langs die Lutie Katzweg en Dasseneiland-rylaan. Die rioolstelsel is egter vir toekomstige gebruik en is die veronderstelling dat alle erwe van 'n riooltenk stelsel gebruik moet maak wat deur die rioolvragmotor gediens word. Dit het egter tot ons aandag gekom dat daar 'n aantal erwe is wat nooit vir riooldienste betaal nie. Die gevolgtrekking is dan dat hierdie erwe onwettig op die rioolstelsel gekoppel is. Daar is dan ook bewyse hiervoor aangesien daar riool gepomp moet word by sekere van die pompstasies van die spoelrioolstelsel. Dit bring natuurlik mee dat die Munisipaliteit gratis pompdienste voorsien aan die erwe wat onwettig op die spoelrioolstelsel gekoppel is.</p> <p>Die erwe waarop woonhuise aangebring is en wat nie die afgelope 2 jaar vir riooldienste betaal het nie, is vanaf die finansiële stelsel geïdentifiseer. In totaal is dit 127. Die bouplanne van die betrokke erwe is ondersoek ten einde vas te stel op welke wyse die huishoudelike rioolstelsels goedgekeur is en dit is as volg:</p> <table border="1" data-bbox="1095 847 1639 1086"> <tr> <td>Geen aanduiding</td> <td>3</td> </tr> <tr> <td>Sypelriool</td> <td>22</td> </tr> <tr> <td>Suigtenke</td> <td>91</td> </tr> <tr> <td>Rioolaansluiting</td> <td>2</td> </tr> <tr> <td>Planne nie beskikbaar</td> <td>9</td> </tr> <tr> <td>Totaal:</td> <td>127</td> </tr> </table> <p>Die eiendomme waarvan die bouplanne goedgekeur is met 'n suigtenk (91) tesame met dié waarvan daar geen aanduiding is nie (3) sal nou geïnspekteer word om vas te stel vir watter rede die betrokke eiendomme nie van die suigtenk vragmotor gebruik maak nie. Hierdie is 'n proses wat 'n geruime tyd sal duur aangesien ter plaatse inspeksies uitgevoer moet word. Teen die tyd dat dit afgehandel is, sal verder verslag gedoen word sodat besin kan word op welke wyse die aangeleentheid verder hanteer moet word.</p>	Geen aanduiding	3	Sypelriool	22	Suigtenke	91	Rioolaansluiting	2	Planne nie beskikbaar	9	Totaal:	127
Geen aanduiding	3													
Sypelriool	22													
Suigtenke	91													
Rioolaansluiting	2													
Planne nie beskikbaar	9													
Totaal:	127													
	<p>3.3 Vullisverwydering Voorstel: Basiese tarief vir almal plus 'n gebruikerstarief vir diegene wat die diens gebruik.</p>	<p>Die status quo sal gehandhaaf word.</p>												

	<p><u>Sluiting van Yzerfontein Stortingsterrein</u> Veroorsaak problem en uitermate storting vind nou plaas op vakante erwe. Skep situasie dat SM die rommel moet verwyder sodat die dorp self nie in 'n stortingsterrein omskep word nie. Hierdie aangeleentheid verg veel meer oordeelkundige benadering om 'n aanvaarbare oplossing te vind.</p>	<p>YZERFONTEIN STORTINGSTERREIN</p> <p>Na aanleiding van u skrywe gedateer 02 Maart 2016 betreffende Yzerfontein Stortingsterrein en op versoek van Mnr. At Botha, antwoord ek graag u skrywe as volg:</p> <ul style="list-style-type: none"> Die beleid van DEADP is tans dat hulle basies streeksterreine wil hê en het hulle met al die klein en onwettige vullis terreine die munisipaliteite onder druk geplaas om dit te lisensieer en om dit dan te sluit. Ons is 3 jaar gegee om die Yzerfontein terrein te sluit. Die Departement gaan definitief nie nog 'n vullisterrein in ons munisipale gebied toelaat nie en veral nie in Yzerfontein se omgewing-sensitiewe gebied nie. Koste vir 'n wettige terrein sal in elk geval ± R600-R800/m² wees met 'n totale waarde van tussen R 30 miljoen tot R50 miljoen. Dit dan wat betref die vullis terrein. Die huidige reëling rakende die sluiting van die vullisterrein is deeglik met die publiek gekommunikeer d.m.v. kennisgewings, 'n publieke vergadering op 25 November 2013, berigte in die koerante en beantwoording van navrae deur die munisipaliteit. <p>Daar is duidelik aan die publiek met die vergadering op 25 November 2013 asook met die kennisgewings genoem dat "alle bourommel en groot stukke tuinvullis te Darling vullisterrein deur u gelewer moet word." Die feit dat daar in die lisensie gemeld word dat "<i>skips for general waste, builders' rubble and green waste</i>" voorsien gaan word, is nie noodwendig dat ons dit moet voorsien vir bourommel nie. Ek het ook die betekenis van "will" gaan opsoek en is dit insiggewend. Die 6 m³ houters waarna verwys word was en is nog steeds daar, maar daardie houters en voertuie kan nie bourommel hanteer nie. Bourommel is in die verlede deur privaat kontrakteurs vervoer en dit bly dieselfde, net 25 km verder.</p> <p>Soos wat verwag word van Yzerfontein om bourommel en growwe tuinvullis na 'n volgende dorp/vullisterrein te vervoer, word dit ook alreeds jare van Koringberg, Riebeek Kasteel, Kalbaskraal, Riverlands en Chatsworth verwag. As ons nou vir Yzerfontein die nuwe diens beskikbaar stel om bourommel te vervoer, moet ons dit verseker vir die ander dorpe ook doen. Dit sal 'n groot finansiële effek op die munisipaliteit en dan dus ook die belastingbetaler hê.</p> <p>Die normale huishouding met die normale huishoudelike vullis en tuinvullis het nog soos altyd die Yzerfontein Oorlaaistase tot hulle beskikking. Is dit regverdig dat hulle almal nou ook moet betaal vir 'n bourommel diens net vir 'n paar mense wat bou? Die lewering van bourommel deur die privaat huishoudings is nog steeds gratis tot 1 ton voertuig kapasiteit, net 25 km verder.</p>
	<p>4. KAPITALE BESTEDING Kapitale besteding uit eie fondse beloop bykans R208 miljoen vir die tydperk 2016/2019 - slegs R105,000 of 0.05% aan Yzerfontein. Gedurende die</p>	<p>Die realiteit is dat Yzerfontein nie agterstande in infrastruktuur het soos van die ander dorpe in SM se regsgebied nie, vandaar die wanbalans in die kapitaalbesteding. Verder moet begryp word dat eiendomsbelasting nie gebruik word om kapitaalprojekte te finansier nie, en dat die direkte vergelyking tussen kapitaalbesteding aan die een kant en</p>

	<p>tydperk begroot SM om R55.15 miljoen uit Yzerfontein in eiendomsbelasting te vorder. Geen verskoning kan hierdie onaanvaarbare behandeling van Yzerfontein inwoners verduidelik of regverdig nie, en versoek die volgende:</p>	<p>die betaling van eiendomsbelasting aan die anderkant, nie 'n goeie vergelyking is nie. Die vraag is eerder wat se infrastruktuur agterstande Yzerfontein het jeens die ander dorpe in die regsgebied. Baie geld word aan infrastruktuur spandeer ter voorsiening van behuising en veral laekoste behuising. Enige kapitaalprojekte moet deur die wyksplanne en GOP hulle weg vind na die begroting. Daar sal altyd ongewilde besluite wees, weens die beperkte hulpbronne.</p>
	<p>4.1 Toegangshelling, trappies, parkeerarea en sypaadjie: Beaches Restaurant Die toegangshelling en trappies tot die strand naby Beaches restaurant moet herstel word om gestremdes en andere toegang tot die strand te bied. Die aanliggende gruisparkeerarea sowel as die sypaadjie voor Beaches moet geteer word</p>	<p>Items 4,1 tot 4.3 moet soos alle ander items “meeding” om befondsing.</p>
	<p>4.2 Sypaadjies 'n Langtermyn projek moet begin word om sypaadjies wat met 'n harde oppervlak bedek is in Swartland te skep. Tov Yzerfontein: begin om te begroot vir die teer van die sypaadjie aan een kant van Lutie Katzweg vanaf Arumsingel vir 'n afstand van 2 Km tot by Freddie se Klip.</p>	
	<p>4.3 Plankiespad in Pearl Bay Verlede jaar het u aangedui dat ondersoek gedoen sou moes word om die onderhoud van die plankiespad in Pearl Bay aan te spreek. Ons is oortuig dat u na 'n jaar instaat behoort te wees om vir 'n oplossing te begroot.</p>	<p>Die Munisipaliteit onderhou tans twee plankiespaaie , naamlik by die Karavaanpark en die Bakoond. Die ander ses plankiespaaie is privaateiendom. Om finansiële bystand te kry het die Munisipaliteit by “Working for the Coast“-program aansoek gedoen en word die antwoord binnekort verwag.</p>
	<p>4.4 Informele handelsperseel Gedurende Mei 2015 het ons 'n versoekskrif aan SM besorg met versoek om informele handelsperseel op Yzerfontein te skep. U moet dit asseblief in die begroting vir 2016/17 insluit en oprig.</p>	<p>'n Versoek is in 2013 vanaf die YIV ontvang om 'n informele handelsperseel te vestig. 'n Kennisgewing is op 3 Augustus 2013 in die plaaslike pers geplaas om die voorneme van die Raad bekend te maak om 'n informele handelsperseel in Yzerfontein te vestig, naamlik 10 plekke op erf 495. Hierdie voorneme is ook aan die wykskomitee gerapporteer. Hewige publieke teenkanting is egter teen die voorgestelde informele handelstaanplekke in Yzerfontein ontvang. 'n Verslag is aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 9 April 2014 voorgelê om die ondersoek wat geloods is om informele handelstaanplekke in Yzerfontein af te baken. Die UBK het egter besluit dat weens die teenkanting wat ontvang is, daar volstaan word met die status quo ten opsigte van die hatering van informele handelaars in Yzerfontein. Hierdie besluit is aan almal wat deelgeneem het aan die publieke deelname proses, ingesluit die YIV, gekommunikeer.</p>

	<p>4.5 Vervanging van stoptekens met toegetekens</p> <p>Waarnemings met ons sekuriteitskamas toon dat inwoners en besoekers stopstrate grotendeels soos toegetekens behandel. Dit is nie ongewoon nie gegewe die lae verkeersdruk gedurende die grootste gedeelte van die jaar.</p> <p>Ons versoek u om te begroot vir vervanging van stoptekens met toegetekens behalwe waar stoptekens 'n bewese behoefte is weens veiligheidsoorwegings.</p>	<p>Kennis geneem, maar SM gaan nie hierdie versoek oorweeg nie.</p>
	<p>4.6 Parkeerderiewe, toegangsroetes en openbare ablusieriewe</p> <p>Versoek om te begroot vir die ondersoek en daarstelling van parkeerderiewe en toegangsroetes na die strande sowel as openbare ablusieriewe.</p>	<p>Volstaan met die kommentaar soos deurgegee tydens die 2015/2016 begrotingsproses, naamlik:</p> <p>Die aanbring van permanente toiletgeriewe het in die verlede baie probleme geskep. 'n Permanente toiletblok is slegs volhoubaar as daar 'n voltydse amptenaar vanaf 08h00 tot 17h00 teenwoordig is. Andersins ontaard dit in 'n saamkomplek vir onaanvaarbare aktiwiteite. Die koste daaraan verbonde om een toiletblok van ongeveer 10m² groot te bou, te onderhou, bedryf en rente en delging beloop R4 300.00 per blok per maand.</p> <p>In die geval van netjiese tydelike toilette met handewasbak, vloeibare seep, en toiletpan is die uitgawe R 2 500.00 per blok per maand. Dan word die toilette 2 maal per week gediens en kan geplaas word waar die behoefte in 'n spesifieke stadium die grootste is. Na die vakansietyd word die toilette verwyder en is daar nie meer 'n onbemande struktuur waar onaanvaarbare aktiwiteite kan plaasvind nie.</p> <p>Hierdie konsep van tydelike toilette word ook nou verder ondersoek in begraaflase. Alle begraaflase, waar permanente toilette opgerig is, is dit in so 'n mate gevandaliseer dat dit onbruikbaar geword het.</p>
	<p>4.7 Kantoor</p> <p>Dringende behoefte aan 'n kantoor vir gebruik deur gemeenskapsorganisasies, spesifiek die Inwonersvereniging, Buurtwag, Bewarea en tydens vakansietye vir gebruik deur u eie wetstoepassers en die SAPD. Dit sal ook aangewend word as 'n permanente moniteringstasie vir ons sekuriteitskamas en basis vir die Buurtwag tydens patrollie-operasies.</p>	<p>DB het bevestig dat 'n kantoor beskikbaar gestel word deur een van die Eiendomsagente op Yzerfontein vir gebruik deur die Wetstoepassingsafdeling oor Desember/Januarie.</p> <p>Verder moet daar eers wyer konsultasie plaasvind alvorens besluite ten aansien van voltoering gedoen word.</p>